

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2023

BESIGHEIDSTUDIES V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ’n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet bevorder diversiteit in die werksplek deur seker te maak dat mense van verskillende agtergronde aangestel word:

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
B Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
D Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)

1.1.2 David Handelaars hanteer uitdagings van die … faktor as 'n PESTWO-element deur geld by Wealth-Bank te leen wanneer rentekoerse gunstig is.

A ekonomiese
B politiese
C sosiale
D wetlike

1.1.3 Opblaas Myne word in die … sektor bedryf omdat hulle in die ontginning van steenkool spesialiseer.

A tersiêre
B primêre
C ekonomiese
D sekondêre

1.1.4 Die proses om 'n werknemer se vaardighede en vermoëns by die vereistes van 'n pos te pas:

A Indiensneming
B Keuring
C Werwing
D Plasing

1.1.5 Die … funksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling van effektiewe strategiese planne.

A algemene-bestuurs-
B openbare-betrekkinge-
C finansiële
D produksie-

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

gehaltesirkels; afdanking; PESTWO; twee; bedanking; drie; geen; totale gehaltebestuur; SSGB; sommige

1.2.1 Werknemers kan ’n maksimum van … ure oortyd per dag werk.

1.2.2 Lumo Ligte het … beheer oor politiese veranderinge.

1.2.3 Andile Handelaars het ’n …-analise saamgestel om uitdagings in hul interne omgewing te identifiseer.

1.2.4 Die beëindiging van ’n indiensnemingskontrak as gevolg van wangedrag staan as … bekend.

1.2.5 Besighede gebruik … om die behoeftes van verbruikers bo hulle verwagtinge te bevredig.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Wet op Breë-basis-Swart Ekonomiese Bemagtiging	A	kan in elk van die besigheidsfunksies vir aanspreeklikheid gebruik word
1.3.2	Konsentriese diversifikasie	B	implementeer verandering op klein-skaal om die gehalte van produkte te verbeter
1.3.3	Posontleding	C	het slegs 'n paar voorheen benadeelde mense bevoordeel
1.3.4	Handel soos nodig	D	besigheid voeg 'n nuwe produk by wat met bestaande produkte verband hou
1.3.5	Gehalteprestasie	E	die proses om nuwe werknemers aan die besigheid se aspekte bekend te stel
		F	het 'n breër basis van voorheen benadeelde mense bevoordeel
		G	implementeer verandering op 'n wyer skaal om die gehalte van produkte te verbeter
		H	beskrywing van die pligte en die spesifieke kwalifikasies wat nodig is vir die pos
		I	besigheid voeg 'n nuwe produk by wat nie met bestaande produkte verband hou nie
		J	kan verkry word indien al die besigheidsfunksies saamwerk

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ’n nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ’n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ’n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER pilare van die Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

2.2 Beskryf kortliks die regte van verbruikers ten opsigte van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VARS GROENTE (VG)
Vars Groente spesialiseer in die verkoop van vrugte en groente. Grootskaalse oorstromings in die gebied het hul stoorkamer beskadig. Die werknemers van VG het vir groot salarisverhogings gevra. Reuse Vrugte het ook ’n nuwe tak oorkant die straat van Vars Groente oopgemaak.

Gebruik die tabel hieronder as ’n RIGLYN om VRAAG 2.3.1 en 2.3.2 te beantwoord.

UITDAGINGS (2.3.1)	BESIGHEIDSOMGEWINGS (2.3.2)
1.	
2.	
3.	

2.3.1 Haal DRIE uitdagings vir VG uit die scenario hierbo aan. (3)

2.3.2 Klassifiseer VG se uitdagings volgens die DRIE besigheidsomgewings. (3)

2.4 Verduidelik die *reg op openbaarmaking en inligting* as een van die verbruikersregte ingevolge die Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ROYAL MOTORS (RM)
Royal Motors vervaardig hibriede voertuie. Elke ongeluk in die fabriek wat lei tot ’n werknemerbeserings, word deur RM se bestuur aangemeld.

2.5.1 Identifiseer die Wet waaraan RM in die scenario hierbo voldoen. (2)

2.5.2 Verduidelik die strafmaatreëls waarvoor RM te staan kan kom vir nie-nakoming van die Wet geïdentifiseer in VRAAG 2.5.1. (6)

2.6 Bespreek hoe besighede die *bedreiging van substitusie* as deel van Porter se Vyf kragte-model kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer. (4)

2.7 Evalueer die impak van die Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) op besighede. (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem DRIE bronne van eksterne werwing. (3)

3.2 Beskryf kortliks die keuringsprosedure. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STER HAARSALON (SH)

Ster Haarsalon bied verskeie haarbehandelings aan hul kliënte. Die werknemers by SHS word R200 betaal vir elke behandeling wat hulle doen.

3.3.1 Identifiseer die salarisbepalingsmetode wat SH gebruik om hul werknemers te vergoed. (2)

3.3.2 Verduidelik EEN ander salarisbepalingsmetode wat besighede kan gebruik om hul werknemers te vergoed. (3)

3.4 Bespreek die voordele van induksie vir besighede. (6)

3.5 Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CHIPS HANDELAARS (CH)

Chips Handelaars is 'n groot kleinhandelonderneming en gebruik 'n aggressiewe advertensieveldtog om hul markaandeel te vergroot. CH plaas bestellings betyds en volg op 'n gereelde basis op om te verseker dat hul voorraad betyds afgelewer word. Die bestuur handhaaf voorraadbeheerstelsels om die sekuriteit van voorraad te verseker.

3.6.1 Haal TWEE gehalteaanwysers van die aankoopfunksie vanuit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Verduidelik ander gehalteaanwysers van die aankoopfunksie. (4)

3.7 Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*. (4)

3.8 Gee groot besighede raad oor die voordele van totale kliënte-/klante-tevredenheid as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB). (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige TWEE soorte integrasiestrategieë. (2)

4.2 Beskryf kortliks die rol van SOOO's in hulle ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SILWER DEURE (SD)
Silver Deure spesialiseer is die vervaardiging van aluminium-deure in die Oos-Kaap. Hulle het onlangs 'n nuwe tak in die Vrystaat oopgemaak.

4.3.1 Identifiseer die soort intensiewe strategie wat Silwer Deure in die scenario hierbo gebruik. (2)

4.3.2 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë. (6)

4.4 Stel maniere voor waarop besighede die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) kan nakom. (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Noem enige VIER voorbeelde van byvoordele. (4)

4.6 Beskryf kortliks die voordele van interne werwing vir besighede. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

TEËLS BEPERK (TB)
Teëls Beperk is 'n groot onderneming wat spesialiseer in die vervaardiging van hoë gehalte keramiekteëls. TB voer gereelde inspeksies uit om te verhoed dat masjinerie onnodig vervang word. Hulle kan bekostig om stelsels in plek te hê om defekte in hul teëls te voorkom.

4.7.1 Identifiseer TWEE elemente van totale gehaltebestuur (TGB) wat deur TB toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.7.1 te beantwoord.

TGB-ELEMENTE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

4.8 Stel maniere voor waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Besighede gebruik die strategiese bestuursproses om uitdagings wat hul omgewing stel, aan te spreek. Baie besighede implementeer verskillende soorte defensiewe strategieë en ander pas die PESTWO-faktore toe om uitdagings in die makro-omgewing te identifiseer. Besighede moet verstaan hoe om hul strategieë te evalueer.

Skryf ŉ opstel oor besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die proses van strategiese bestuur
- Bespreek DRIE soorte defensiewe strategieë
- Verduidelik hoe volgende PESTWO-faktore uitdagings vir besighede inhou:
  - Tegnologiese
  - Wetlike
- Gee besighede raad oor die stappe wat hulle moet oorweeg wanneer strategieë geëvalueer word **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRON-FUNKSIE)

Die menslikehulpbronbestuurder verseker dat die korrekte werwingsprosedure gevolg word en speel ŉ belangrike rol tydens die onderhoudproses. Die suksesvolle kandidaat sal byvoordele aangebied word en besighede moet die verband tussen salarisbepaling en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) verstaan.

Skryf ŉ opstel oor die menslikehulpbron-funksie waarin jy die volgende aktiwiteite aanspreek:

- Beskryf kortliks die werwingsprosedure
- Verduidelik die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud
- Bespreek die impak van byvoordele op besighede
- Gee besighede raad oor die verband tussen salarisbepalings en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou